basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## TOERISME

## NOVEMBER 2017

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 25 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die instruksies noukeurig voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

4. Rond jou antwoorde op VRAAG 3.1 tot TWEE desimale plekke af.

5. Toon ALLE bewerkings.

6. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

7. Gebruik die puntetoekenning van elke vraag as 'n riglyn vir die lengte van jou antwoord.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Die tabel hieronder is 'n riglyn om jou te help om jou tyd volgens elke afdeling in te deel.

| AFDELING | ONDERWERP | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| A | Kortvrae | 40 | 20 |
| B | Kaartwerk en Toerbeplanning; Buitelandsevalutaverhandeling | 50 | 50 |
| C | Toerismebesienswaardighede; Kultuur- en Erfenistoerisme; Bemarking | 50 | 50 |
| D | Toerismesektore; Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme | 30 | 30 |
| E | Plaaslike, Streeks- en Internasionale Toerisme; Kommunikasie en Kliëntediens | 30 | 30 |
| | **TOTAAL** | **200** | **180** |

## AFDELING A: KORTVRAE

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.21 D.

1.1.1 Gondels en kanale word met hierdie stad verbind:

A New York
B Johannesburg
C Moskou
D Venesië

1.1.2 Die siekte wat veroorsaak word deur besmette (besoedelde) water te drink:

A Malaria
B Geelkoors
C Cholera
D Voëlgriep

1.1.3 'n Simptoom van vlugvoosheid:

A Jeukende vel
B Verhoogde eetlus
C Verlies aan eetlus
D Velverkleuring

1.1.4 Die jen is die geldeenheid wat in hierdie land gebruik word:

A Japan
B Thailand
C China
D Rusland

1.1.5 San Francisco (UTK -8) lê … van Beijing (UTK +8).

A noord
B suid
C oos
D wes

1.1.6 Buckingham-paleis is die woning van die … koninklike gesin.

A Skotse
B Walliese
C Ierse
D Britse

1.1.7 'n Antieke struktuur in Jordanië wat uit soliede klip gekerf is:

A Everest
B Petra
C Niagara
D Mekka

1.1.8 Universele toegang verwys na die vermoë …

A van mense met spesiale behoeftes om toegang tot toeristebesienswaardighede te hê.
B van mense met spesiale behoeftes om toegang tot onbeperkte webtuistes op die Internet te hê.
C om biometriese skandering te gebruik om toegang tot die Internet te verkry.
D om toegang tot toerismebronne vir navorsing te verkry.

1.1.9 Die natuurlike Wêrelderfenisterrein wat in KwaZulu-Natal geleë is:

A Vredefortkoepel
B Mapungubwe Kulturele Landskap
C iSimangaliso-vleilandpark
D Wieg van die Mensdom

1.1.10 Die toerismehandelskou hieronder is waar …

A Suid-Afrika se plaaslike besienswaardighede bemark word.
B slegs mediese toerisme bemark word.
C internasionale toeriste die land bemark.
D besighede deur die graderingsraad bemark word.

1.1.11 Een van die kriteria wat deur die TGRSA gebruik word om die professionele beeld van 'n akkommodasie-instelling te bepaal:

A Demokrasie
B Fisiese voorkoms
C Aantal personeellede
D Vermenigvuldigereffek

1.1.12 'n Hotelgroep wil 'n wolkekrabberhotel (hoë, meerverdiepinghotel) in die Nasionale Krugerwildtuin bou.

Volgens die driedubbele-slotreëlbenadering sal dit … wees.

A maatskaplik onverantwoordelik
B ekonomies onverantwoordelik
C privaat verantwoordelik
D omgewingsonverantwoordelik

1.1.13 Die mees etiese (korrekte) manier vir die kaptein van 'n toerskip om die situasie hieronder te hanteer, is om ...

**ETIEK IN DIE WERKPLEK**




A as kaptein van die skip, die skip eerste te verlaat.
B eerstens die veiligheid van sy bemanning te verseker.
C seker te maak dat alle passasiers en bemanning die skip voor hom verlaat.
D die skip onmiddellik te verlaat nadat hy 'n waarskuwing uitgereik het.

1.1.14 'n Kulturele dorpie was genoodsaak om die buitelugdans-programme vir internasionale toergroepe te kanselleer, as gevolg van aanhoudende swaar reën en oorstromings.

Die kansellasie van die buitelugdansprogramme het …

A geen ekonomiese invloed op die gemeenskap gehad nie.
B tot gevolg gehad dat die gemeenskap inkomste verloor het.
C 'n positiewe invloed op die gemeenskap gehad.
D die plaaslike verkryging van dienste moontlik gemaak.

1.1.15 Die beste raad wat 'n hotel aan sy gaste kan gee om water te bespaar, wat deel van die hotel se verantwoordelike en volhoubare praktyk is, is om …

A te stort in plaas van te bad.
B hulself in die hotel se swembad te was.
C te bad in plaas van te stort.
D stil te bly oor die waterkwessie.

1.1.16 'n Wêreldgebeurtenis wat elke vier jaar plaasvind:

A FIFA WORLD CUP RUSSIA 2018

B le TOUR de France

C COMRADES MARATHON

D G7 2016 ISE-SHIMA SUMMIT

1.1.17 Een van die prestasie-aanduiders (-aspekte) waaroor SAToerisme verslag lewer:

A Kommunikasie
B Fooitjies
C Bybetalings
D Seisoenaliteit

1.1.18 Die statistiek wat lae internasionale besoekersgetalle aan sekere besienswaardighede toon, gee die provinsiale toerisme-owerhede die geleentheid om …

A werknemers by die besienswaardighede af te dank.
B die besienswaardighede op te gradeer en te bemark.
C besienswaardighede in ander provinsies te bemark.
D die provinsie se uitgaande reise te vermeerder.

1.1.19 Wanneer toerismestatistieke ontleed word, verwys die term *natuurlewe* na aktiwiteite waar toeriste …

A aan sportbyeenkomste deelneem.
B kunstefeeste en musiekfeeste bywoon.
C reservate besoek waar diere vry rondloop.
D by casino's dobbel en spa's besoek.

1.1.20 'n Rede waarom toerismemaatskappye SMS'e as 'n terugvoering-metode gebruik:

A Dit is 'n persoonlike manier om individuele toeriste te bereik.
B Die boodskap word dadelik ontvang, selfs al is die selfoon se battery pap.
C 'n Operateur kan met die toeris praat en vrae vra.
D Lugtyd kan vir lojaliteitspunte omgeruil word. (20 x 1) (20)

1.2 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.6 Bankaankoopkoers.

| |
|---|
| skryfbehoeftes; plaaslike omgewing; kritiek; markaandeel; plaaslike aankope; buitelandse besteding; terrorisme; werksure; opname |

1.2.1 'n Restaurant kry goedere en dienste by gemeenskappe daar naby

1.2.2 'n Regulasie wat in die dienskontrak gespesifiseer word

1.2.3 'n Stel vrae om kliëntetevredenheid te bepaal

1.2.4 Die persentasie buitelandse aankomste in 'n land

1.2.5 'n Geweldsdaad gemik teen 'n groep mense, met die doel om vrees en paniek te saai (5 x 1) (5)

1.3 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 gebeurtenis.

1.3.1 Die (Koepel van die Rots/Alcazar van Segovia) is in Israel geleë.

1.3.2 'n Werknemer wat nie sy diensvoorwaardes nagekom het nie, kan (beëindiging van diens/betaling vir diens) deur 'n werkgewer verwag.

1.3.3 Lande wat DBT toepas, draai hulle horlosies een uur (vorentoe/agtertoe).

1.3.4 (Opsionele toere/Visums) is 'n element wat in ag geneem moet word wanneer 'n plaaslike reisprogram saamgestel word.

1.3.5 (UTK/IDL) is die lengtelyn waarvandaan alle lande hulle tyd lees. (5 x 1) (5)

1.4 Kies 'n manier van betaling wanneer internasionaal gereis word uit KOLOM B wat by die voorbeeld in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.4.6 G.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.4.1 |  | A | voorafgelaaide buitelandsevaluta-debietkaart |
| 1.4.2 |  | B | SWIFT |
| 1.4.3 |  | C | reisigerstjek |
| 1.4.4 |  | D | buitelandse valuta |
| 1.4.5 | **Vinnige, maklike en gerieflike oorplasing van fondse vanaf enige plek in die wêreld** | E | kredietkaart wat internasionaal gebruik word |
| | | F | plaaslike debietkaart |

(5 x 1) (5)

1.5 Pas die prente van onverantwoordelike toeristegedrag by die korrekte reëls vir verantwoordelike toeristegedrag.

Skryf slegs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) en die letter (A–E) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.5.6 F.

| ONVERANTWOORDELIKE TOERISTEGEDRAG | |
|---|---|
| 1.5.1  | 1.5.2  |
| 1.5.3  | 1.5.4  |
| 1.5.5  | |

| REËLS VIR VERANTWOORDELIKE TOERISTEGEDRAG | |
|---|---|
| A | Moenie die omgewing besoedel wanneer jy die buitelewe geniet nie. |
| B | Moenie diere in hulle natuurlike habitat steur nie. |
| C | Moenie gevaarlike diere in 'n wildreservaat steur nie. |
| D | Bly op aangewese paadjies in ekologies sensitiewe areas. |
| E | Respekteer reëls en volg regulasies in museums. |

(5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSEVALUTA-VERHANDELING

### VRAAG 2

2.1 Lees die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Mnr. Jackson, 'n Suid-Afrikaanse prokureur, gaan Duitsland besoek om die Berlynse Internasionale Filmfees by te woon. Hy sal 'n motor in Duitsland huur. |

2.1.1 Noem die verpligte reisdokument wat mnr. Jackson sal nodig hê:

(a) Om sy land van herkoms (permanente woonadres) aan te dui (2)

(b) Wat aan hom toestemming gee om Duitsland binne te gaan (2)

2.1.2 Mnr. Jackson het 'n Suid-Afrikaanse rybewys.

Gee hom raad oor die:

(a) Dokument wat hy nodig sal hê om in Duitsland te bestuur (2)

(b) Rede waarom hy die dokument in VRAAG 2.1.2(a) moet hê (2)


2.1.3 Dit is belangrik om 'n kliëntprofiel op te stel voordat 'n reisprogram vir 'n toeris ontwikkel word.

Gee EEN rede waarom dit belangrik is om 'n profiel vir mnr. Jackson op te stel voordat sy reisprogram ontwikkel word. (2)

2.1.4 Mnr. Jackson wil biltong Duitsland toe neem as 'n Trots Suid-Afrikaans-geskenk vir sy Duitse vriend. Daar is aan hom gesê dat dit verbode is om vleisprodukte in Duitsland in te neem.

Gee TWEE redes waarom Duitsland nie toelaat dat vleisprodukte in die land ingeneem word nie. (4)

2.2 Bestudeer die Wêreldtydsonekaart hieronder, lees die inligting en beantwoord dan die vrae wat volg.



Mnr. Jackson het vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe (Johannesburg) na Tegel Internasionale Lughawe (Berlyn in Duitsland) gevlieg om die Berlynse Internasionale Filmfees by te woon. Hy het in Abu Dhabi oorgestaan.

- Mnr. Jackson se vlug het om 12:00 vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe vertrek.
- Hy het op Abu Dhabi Internasionale Lughawe (+4) oorgestaan om 'n aansluitingsvlug na Tegel Internasionale Lughawe (+1) te kry.
- Die vliegtyd vanaf Johannesburg na Abu Dhabi Internasionale Lughawe was 8 uur.
- Mnr. Jackson het om 22:00 in Abu Dhabi aangekom.
- Die oorstaantyd (transito-tyd) in Abu Dhabi was 5 uur.
- Sy vliegtyd vanaf Abu Dhabi na Berlyn was 7 uur.

2.2.1 (a) Bereken hoe laat dit in Abu Dhabi was toe mnr. Jackson vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe vertrek het.

Toon ALLE berekeninge. (3)

(b) Bereken hoe laat hy vanaf Abu Dhabi Internasionale Lughawe vertrek het.

Toon ALLE berekeninge. (3)

(c) Bereken hoe laat mnr. Jackson op Tegel Internasionale Lughawe in Berlyn aangekom het. (4)

2.2.2 Bereken die duur van mnr. Jackson se hele reis. (2)

2.3 Verwys na die kennisgewing hieronder wat by die ontvangstoonbank van die hotel waar mnr. Jackson tuisgegaan het, geplaas is. Beantwoord die vrae wat volg.




2.3.1 Gee mnr. Jackson raad oor TWEE veiligheidsvoorsorgmaatreëls wat hy in gedagte moet hou wanneer hy in die hotel is. (4)

2.3.2 Noem TWEE gevolge vir die hotel indien gaste tydens hulle verblyf nie behoorlik oor veiligheids- en sekerheidskwessies ingelig word nie. (4)

**[34]**

**VRAAG 3**

3.1 Bestudeer die inligting en die forex-tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Mev. Biggs, wat in Suid-Afrika woon, het na die VSA gereis. Haar seun het R600,00 tot haar sakgeld bygedrag, wat sy op OR Tambo Internasionale Lughawe vir USD omgeruil het voordat sy Suid-Afrika verlaat het.<br><br>Met haar terugkeer na Suid-Afrika het mev. Biggs VS$219,99 van al haar sakgeld oorgehad. |

| RAND/VS-DOLLAR-WISSELKOERSTABEL | | | |
|---|---|---|---|
| **LAND** | **VALUTAKODE** | **BAK** | **BVK** |
| VSA | USD | 13.25 | 13.57 |

3.1.1 (a) Bereken die bedrag in USD wat mev. Biggs ontvang het toe sy die R600,00 omgeruil het.

**LET WEL:** Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af. Toon AL die stappe van jou berekening. (4)

(b) Bereken die bedrag in rand wat mev. Biggs ontvang het toe sy die VS$219,99 in Suid-Afrika omgeruil het.

**LET WEL:** Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af. Toon AL die stappe van jou berekening. (4)

3.2 Verwys na die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| **VERNAAMSTE GELDEENHEDE TUIMEL**<br><br>Europa, wat die Verenigde Koninkryk insluit, het 'n daling in die waarde van hulle geldeenhede gehad. Sommige ekonome het Brexit* daarvoor geblameer, terwyl ander die skuld op die toestroming van vlugtelinge na Europa geplaas het. Die daling in die waarde van die vernaamste geldeenhede kan 'n negatiewe en positiewe invloed op Suid-Afrikaners hê wat na hierdie lande reis.<br><br>*Brittanje se onttrekking uit die Europese Unie |

3.2.1 Noem die TWEE buitelandse geldeenhede waarna in die uittreksel hierbo verwys word. (2)

3.2.2 Bespreek, in 'n paragraaf, DRIE maniere waarop 'n daling in die wisselkoers van die geldeenhede wat in VRAAG 3.2.1 genoem is, 'n positiewe invloed sal hê op Suid-Afrikaners wat Europa besoek. (6)
**[16]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

**AFDELING C: TOERISMEBESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENIS-TOERISME; BEMARKING**


## VRAAG 4


4.1 Bestudeer die kaart hieronder wat 'n wêreldtoer na beroemde ikone toon en beantwoord die vrae wat volg.

Twee toeriste gaan op 'n wêreldtoer en sal van die beroemdste ikone besoek.

Pas die ikone (A–H) by die lande (4.1.1–4.1.8). Skryf slegs die vraagnommer (4.1.1–4.1.8), die letter van die ikoon (A–H) en die land waar dit geleë is, in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 4.1.9 J Suid-Afrika.

**WÊRELDTOERROETE**




| A | B | C | D |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| **E** | **F** | **G** | **H** |
|  |  |  |  |

[Aangepas uit www.famouslandmarks.com] (16)

4.2 Lees die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE EIFFELTORING GAAN MET GLAS VEILIG BLY**

Die Eiffeltoring is een van die suksesvolste toeristebesienswaardighede in Frankryk.




Parys het die veiligheid om sy gewildste besienswaardighede verskerp ná onlangse terroriste-aanvalle in die stad.

Die Eiffeltoring het tans metaalversperrings rondom sy basis as 'n sekerheidsmaatreël om verdere terroriste-aanvalle te voorkom. Die metaalversperrings lyk nie baie mooi op foto's wat deur toeriste geneem is nie.

Die Franse owerhede beplan om die metaalversperrings aan die voorkant van die Eiffeltoring te verwyder en dit met permanente koeëlvaste glasmure te vervang. Die oorblywende metaalversperrings sal met 'n mooier omheining vervang word.

[Aangepas uit *Sunday Times*, 19 Februarie 2017]

4.2.1 Gee EEN rede waarom die Franse owerhede die bestaande metaalversperrings by die Eiffeltoring met koeëlvaste glasmure wil vervang. (2)

4.2.2 Voorspel wat kan gebeur as die bestuur die bestaande veiligheidsmaatreëls by die Toring verslap. (2)

4.2.3 Identifiseer EEN ander kriterium wat die voortgesette sukses van die ikoon sal verseker, behalwe om veiligheid by die Eiffeltoring te verseker. (2)
**[22]**

## VRAAG 5

5.1 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE CHELSEA-BLOMMESKOU IN LONDEN HET IN 2011 SUID-AFRIKA SE WÊRELDERFENISTERREINE BEKEND GESTEL**

By die Chelsea-blommeskou kry lande die geleentheid om blomme-rangskikkings te gebruik om hulle besienswaardighede te vertoon. Dit maak die Chelsea-blommeskou 'n ideale geleentheid om Suid-Afrika en sy ryk natuurlike biodiversiteit en kultuurerfenis te bevorder. Die skou lok meer as 150 000 besoekers in vier dae en die Suid-Afrikaanse uitstalling is altyd 'n groot gunsteling.

Dr. Tanya Abrahamse, HUB van SANBI, het gesê: 'Baie besoekers reis na Suid-Afrika nadat hulle ons uitstalling by die Chelsea-blommeskou gesien het en ons verwelkom die geleentheid om ons pragtige land deur sy Wêrelderfenisterreine te vertoon.'











[Aangepas uit www.sanbi.org]

5.1 Noem die TWEE Wêrelderfenisterreine wat in 2011 by die Chelsea-blommeskou in Londen vertoon is. (4)

5.2 Noem die TWEE provinsies wat die meeste voordeel uit die blootstelling by die Chelsea-blommeskou sou getrek het. (2)

5.3 Gee EEN rede waarom UNESCO Wêrelderfenisstatus aan die twee terreine in VRAAG 5.1 gegee het. (2)

5.4 Suid-Afrika se uitstallings by die Chelsea-blommeskou het werk en entrepreneurskapgeleenthede geskep vir plaaslike verskaffers van plantmateriaal en ander items wat nodig is om die perfekte uitstalling te skep.

Stel TWEE ander maniere voor waarop die uitstalling van die twee Wêrelderfenisterreine by die Chelsea-blommeskou in Londen waarde by Suid-Afrika se toerismebedryf voeg. (4)

**[12]**

## VRAAG 6

6.1 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Suid-Afrika se stalletjie by die Wêreldreismark ('World Travel Market'/'WTM') in Londen**

South Africa
Inspiring new ways




**DOEL**

| | |
|---|---|
| Om die getal buitelandse aankomste in Suid-Afrika te verhoog | Om internasionale bewustheid van Suid-Afrika as 'n reisbestemming te verhoog |

[Aangepas uit www.wtm.com]

6.1.1 Noem die organisasie wat daarvoor verantwoordelik is om Suid-Afrika internasionaal te bemark. (2)

6.1.2 Verwys na die prent hierbo en verduidelik die betekenis van Suid-Afrika se handelsmerkslagspreuk: 'Inspiring new ways' ('Inspireer nuwe maniere'). (2)

6.1.3 Gee EEN rede waarom Suid-Afrika se handelsmerklogo en handelsmerkslagspreuk so prominent (duidelik) as deel van die uitstalling vertoon word. (2)

6.1.4 Die organisasie in VRAAG 6.1.1 bemark Suid-Afrika internasionaal op verskillende maniere, byvoorbeeld uitstallings by internasionale toerismehandelskoue en reisprogramme oor die radio en op televisie.

Gee TWEE ander voorbeelde van hoe die organisasie genoem in VRAAG 6.1.1 internasionale bewustheid en buitelandse aankomste in Suid-Afrika kan verhoog. (4)

6.2 Verduidelik, in 'n paragraaf, hoe toerismeheffings in Suid-Afrika ingesamel word.

Jou paragraaf moet die volgende insluit:

- Die stappe by die insameling van die heffings
- Die rol van TOMSA in die insamelingsproses
- 'n Verduideliking van waarvoor hierdie heffings gebruik word (3 x 2) (6)

**[16]**


**TOTAAL AFDELING C: 50**

## AFDELING D: TOERISMESEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

## VRAAG 7

7.1 Verwys na die uittreksel uit die webtuiste van Suid-Afrikaanse Nasionale Parke hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PARKE (SANParke)**




[Aangepas uit www.sanparks.org]

Kies 'n item uit die uittreksel wat by 'n beskrywing hieronder pas. Skryf slegs die vraagnommer (7.1.1–7.1.4) en die letter (A–D) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 7.1.5 E.


7.1.1 Die logo van Suid-Afrikaanse Nasionale Parke (1)

7.1.2 EEN doelwit van Suid-Afrikaanse Nasionale Parke (1)

7.1.3 Inligting oor Suid-Afrikaanse Nasionale Parke (1)

7.1.4 Beskikbaarheid van akkommodasie by Suid-Afrikaanse Nasionale Parke (1)

7.2 Bestudeer die foto hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Aangepas uit www.sanparks.org]

7.2.1 Noem TWEE aspekte van Nkosi Xaba se kleredrag wat die professionele beeld van Suid-Afrikaanse Nasionale Parke (SANParke) toon. (2)

7.2.2 Verwys na Nkosi se woorde in die spraakborrel.

Bespreek EEN manier waarop roetinepatrollies toon dat SANParke 'n omgewingsbeleid ingestel het. (2)

**[8]**

## VRAAG 8

8.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VERENIGDE NASIES VERKLAAR 2017 AS DIE INTERNASIONALE JAAR VAN VOLHOUBARE TOERISME VIR ONTWIKKELING**

2017 is om die volgende redes as die Internasionale Jaar van Volhoubare Toerisme vir Ontwikkeling verklaar:

- Dit is 'n geleentheid om te kyk hoe die toerismebedryf deur klimaatsverandering beïnvloed word.
- Om te bepaal hoe die kweekhuisgasvrystellings deur die toerismebedryf beperk kan word.
- Om maniere te vind waarop die toerismebedryf by stygende wêreldtemperature kan aanpas.
- As een van die wêreld se grootste werkverskaffingsektore verskaf die toerismebedryf belangrike inkomstegeleenthede, verminder armoede en moedig ontwikkeling aan.

Die toerismebedryf maak op die klimaat staat. Uiterste weerstoestande, soos storms, hittegolwe, droogtes, varswaterverlies en stygende seevlakke, is 'n bedreiging vir kusoorde. Verlaagde sneeuval het 'n negatiewe invloed op ski-oorde.

Die Verenigde Nasies Wêreldtoerisme-organisasie (UNWTO) beraam dat die toerismebedryf vir ongeveer 5% van die wêreld se $CO_2$-vrystellings verantwoordelik is. Toeriste en toerismebesighede word aangemoedig om hulle koolstofvoetspoor te verklein.

| DIE TOERISMEBEDRYF SE BYDRAE TOT $CO_2$-VRYSTELLINGS | |
|---|---|
| **AKKOMMODASIESEKTOR** | **VERVOERSEKTOR** |
| 20% van die vrystellings kom van verhitting, lugversorging en die instandhouding van kroeë, restaurante en swembaddens. | 75% van die vrystellings kom van lug-, motor- en spoorvervoer. 'n Gedeelte van die vrystellings kan voorkom word deur die mees volhoubare vervoermiddel te kies. |

[Aangepas uit www2.unwto.org]

8.1.1 Gee TWEE voorbeelde van klimaatsverandering waarna in die artikel hierbo verwys word. (2)

8.1.2 Stel EEN manier voor waarop klimaatsverandering 'n invloed op die Switserse Alpe as 'n toeristebestemming kan hê. (2)

8.1.3 Verwys na die artikel hierbo en verduidelik hoe die toerismebedryf beide voordelig en skadelik vir die omgewing kan wees. (2 x 2) (4)

8.2 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Bestemmings kan 'n rol speel om die Internasionale Jaar van Volhoubare Ontwikkeling te ondersteun. |

8.2.1 Verduidelik, in 'n paragraaf, hoe toerismebestemmings die driedubbele-slotreëlbenadering kan gebruik met betrekking tot:

- Vervoer
- Opvoeding/Onderwys
- Werkskepping (6)

8.2.2 Noem TWEE maniere waarop hotelgaste 'n rol kan speel in die verantwoordelike gebruik van hulpbronne terwyl hulle by 'n hotel tuisgaan. (4)

8.3 'n Suksesvolle B&O (Bed en Ontbyt) is een kilometer vanaf 'n skool geleë wat Toerisme as vak aanbied.

Stel TWEE maniere voor waarop die eienaar van die B&O die Toerisme-leerders kan ondersteun deur die beginsel van KMB te beoefen. (4)
**[22]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**

**AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS**

**VRAAG 9**

9.1 Lees die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE BEKENDE WIMBLEDON**

Wimbledon is 'n jaarlikse tennistoernooi wat die gasheerstad al vir die afgelope 140 jaar bevoordeel.

Spelers uit verskeie lande neem deel en hulle wedstryde lok toeskouers van oor die hele wêreld.

[Aangepas uit www.atpworldtour.com]

9.1.1 Verduidelik EEN rede waarom die Wimbledon-toernooi as 'n wêreldgebeurtenis beskou word. (2)

9.1.2 Noem TWEE positiewe invloede wat die Wimbledon-tennistoernooi op die ekonomie van die gasheerstad het. (4)

9.2 Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**ONVOORSIENE GEBEURE IN ITALIË**

Baie lewens is verloor en baie skilderye, antieke en historiese geboue en ander belangrike terreine wat vorige aardbewings oorleef het, is in die aardbewings van 2016 en 2017 vernietig.

Die aardbewings is so ver as Rome gevoel, waar vervoerowerhede die spoorstelsel toegemaak het en belangrike toeristebesienswaardighede tydelik gesluit het om die skade te bepaal en veiligheid te verseker.

[Aangepas uit www.cnbc.com]

9.2.1 Identifiseer die soort onvoorsiene gebeurtenis in die artikel hierbo. (2)

9.2.2 Noem TWEE maniere waarop skade aan die vervoerinfrastruktuur 'n invloed op toeriste kan hê. (4)

9.2.3 Kragonderbrekings kom algemeen na groot aardbewings voor.

Beveel 'n geskikte betalingsmetode aan wat buitelandse toeriste tydens kragonderbrekings kan gebruik. (2)

9.3 Bestudeer die statistiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SAToerisme versamel en ontleed inligting oor buitelandse toeristeaankomste in Suid-Afrika.

| **BUITELANDSE INKOMENDE TOERISTEAANKOMSTE IN SUID-AFRIKA (2016)** | | | |
|---|---|---|---|
| |  |  |  |
| **PROVINSIE** | **AANKOMSTE** | **BESTEDING (MILJOENE)** | **LENGTE VAN VERBLYF** |
| Gauteng | 894 287 | R8 125 | 8,4 |
| Wes-Kaap | 394 357 | R3 481 | 11,7 |
| Oos-Kaap | 63 353 | R488 | 9,9 |
| KwaZulu-Natal | 146 954 | R1 169 | 8,5 |
| Mpumalanga | 202 588 | R1 061 | 5,7 |
| Limpopo | 162 796 | R1 644 | 4,3 |
| Noordwes | 113 888 | R434 | 5,4 |
| Noord-Kaap | 16 022 | R145 | 7,7 |
| Vrystaat | 253 838 | R283 | 8,0 |

[Aangepas uit: www.southafrica.net]

9.3.1 Gee die bedrag inkomste wat deur die inkomende internasionale toeriste wat die Vrystaat besoek het, geskep is. (2)

9.3.2 Identifiseer TWEE provinsies aan die Ooskus met laer getalle toeristeaankomste as die Vrystaat. (4)

9.3.3 Gee EEN rede waarom die provinsies wat in VRAAG 9.3.2 geïdentifiseer is, 'n hoër bestedingsyfer as die Vrystaat het. (2)

9.4 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**AMPTELIKE BEGROTINGSTOEWYSING**

'n Bykomende R494 miljoen is in die 2017-begrotingstoespraak toegewys om toerisme te bevorder.

[Aangepas uit www.grantthornton.co.za]

Gee EEN rede waarom 'n groot gedeelte van die begroting vir bemarking in opkomende markte, soos China, gebruik moet word. (2)

**[24]**

**VRAAG 10**

Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**OPLEIDING VIR WERKNEMERS**




[Bron: www.prfree.com]

10.1 Identifiseer die kliënteterugvoeringsmetode wat in die prent hierbo getoon word. (2)

10.2 Verduidelik TWEE maniere hoe die terugvoeringsmetode in VRAAG 10.1 bydra om die diensleweringsvlakke van toerismebesighede te verbeter. (4)
**[6]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## TOERISME

## NOVEMBER 2017

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 200**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 16 bladsye.**

| ONDERWERPE IN DIE TOERISME KABV | | AFKORTING |
|---|---|---|
| Onderwerp 1 | Toerismesektore | TS |
| Onderwerp 2 | Kaartwerk en toerbeplanning | KTB |
| Onderwerp 3 | Toerismebesienswaardighede | TB |
| Onderwerp 4 | Volhoubare en verantwoordelike toerisme | VVT |
| Onderwerp 5 | Plaaslike, streeks- en internasionale toerisme | PSI |
| Onderwerp 6 | Kultuur- en erfenistoerisme | KE |
| Onderwerp 7 | Buitelandse valutaverhandeling | BVV |
| Onderwerp 8 | Kommunikasie en kliëntediens | KK |
| Onderwerp 9 | Bemarking | B |

## AFDELING A: KORTVRAE

## VRAAG 1

1.1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | D✓ | / Venesië | KTB |
| 1.1.2 | C✓ | / Cholera | KTB |
| 1.1.3 | C✓ | / Verlies van eetlus | KTB |
| 1.1.4 | A✓ | / Japan | KTB |
| 1.1.5 | D✓ | / wes | KTB |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1.6 | D✓ | / Britse | TB |
| 1.1.7 | B✓ | / Petra | TB |
| 1.1.8 | A✓ | / van mense met spesiale behoeftes om toegang tot toeristebesienswaardighede te hê | TB |
| 1.1.9 | C✓ | / iSimangaliso-vleilandpark | KE |
| 1.1.10 | A✓ | / Suid-Afrika se plaaslike besienswaardighede bemark word. | B |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1.11 | B✓ | / fisiese voorkoms | TS |
| 1.1.12 | D✓ | / omgewings-onverantwoordelik | VVT |
| 1.1.13 | C✓ | / seker te maak dat al die passasiers en bemanning die skip voor hom verlaat | TS |
| 1.1.14 | B✓ | / tot gevolg gehad dat die gemeenskap inkomste verloor het | VVT |
| 1.1.15 | A✓ | / te stort in plaas van te bad | VVT |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1.16 | A✓ | | PSI |
| 1.1.17 | D✓ | / seisoenaliteit | PSI |
| 1.1.18 | B/C✓ | die besienswaardighede op te gradeer en te bemark / besienswaardighede in ander provinsies te bemark. | PSI |
| 1.1.19 | C✓ | / reservate besoek waar diere vry rondloop | PSI |
| 1.1.20 | A✓ | / Dit is ‘n persoonlike manier om individuele toeriste te bereik. | KK |

(20 x 1) [20]

1.2

| | | |
|---|---|---|
| 1.2.1 | plaaslike aankope✓ | VVT |
| 1.2.2 | werksure✓ | TS |
| 1.2.3 | opname✓ | KK |
| 1.2.4 | markaandeel✓ | PSI |
| 1.2.5 | terrorisme✓ | PSI |

(5)

1.3

| | | |
|---|---|---|
| 1.3.1 | Koepel van die Rots✓ | TB |
| 1.3.2 | beëindiging van diens ✓ | TS |
| 1.3.3 | vorentoe✓ | PSI |
| 1.3.4 | opsionele toere ✓ | PSI |
| 1.3.5 | UTK✓ | PSI |

(5)

1.4

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.4.1 | E✓ | / kredietkaart wat internasionaal gebruik word | PSI |
| 1.4.2 | D✓ | / buitelandse valuta | PSI |
| 1.4.3 | F✓ | / plaaslike debietkaart | PSI |
| 1.4.4 | A✓ | / voorafgelaaide buitelandsevaluta-debietkaart | PSI |
| 1.4.5 | B✓ | / SWIFT | PSI |

(5)

1.5

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.5.1 | C✓ | / Moenie gevaarlike diere in 'n wildreservaat steur nie. | VVT |
| 1.5.2 | A✓ | / Moenie die omgewing besoedel wanneer jy die buitelewe geniet nie. | VVT |
| 1.5.3 | D✓ | / Bly op aangewese paadjies in ekologies sensitiewe areas. | VVT |
| 1.5.4 | E✓ | / Respekteer reëls en volg regulasies in museums. | VVT |
| 1.5.5 | B✓ | / Moenie diere in hul natuurlike habitat steur nie. | VVT (5) |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSEVALUTA-VERHANDELING

## VRAAG 2

2.1 2.1.1 (a) Suid-Afrikaanse Paspoort✓✓ **KTB**
- Paspoort
- Geldige paspoort (2)

(b) Schengen visum✓✓ **KTB**
- Duitse visum
- visum (2)

2.1.2 (a) Internasionale rybewys✓✓/ internasionale bestuurspermit **KTB**
- IBP
- Internasionale Bestuurderslisensie

***Let wel**: Moenie "Rybewys" of "Bestuurspermit" of "Bestuurderslisensie" alleenlik gebruik nie.* (2)

(b) Gee aan Mnr Jackson toestemming om in die buiteland te bestuur. ✓✓ **KTB**
- Verskaf belangrik inligting in verskillende tale wat die Suid-Afrikaner se rybewys as geldig kan bevestig.
- Dien as 'n bykomende bron van identifikasie.
- Motorverhuringsmaatskappye vereis dikwels 'n geldige IBP wanneer daar in die buiteland bestuur word.
- 'n IBP word verkry vanaf die internasionaal-erkende Automobiel Assossiasie (AA).
- Vrywaar toeriste wat in die buiteland bestuur teen enige gebeurlikheid. (2)

2.1.3 Om die toerbeplanner/reisagent te help om te verseker dat daar aan Mnr. Jackson se behoeftes en verwagtinge voldoen word. ✓✓ **KTB**
- Om te verseker dat Mnr. Jackson tevrede is tydens en na sy reis.
- Om goeie kliëntediens te verskaf. (2)

2.1.4 Om oorkruisbesmetting van siektes soos Bek-en Klouseer by hulle diere te voorkom. ✓✓ **KTB**
Om die gesondheid van die land se inwoners te beskerm. ✓✓
- Om veeverliese as gevolg van oorkruisbesmetting van siektes te voorkom.
- Negatiewe ekonomiese invloede in geval van oorkruisbesmetting van siektes. (4)

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 2.2 | 2.2.1 | (a) | Tydsverskil<br><br><br>Tyd in Abu Dhabi | Suid-Afrika +2<br>Abu Dhabi +4<br>= 2 ure✓<br>12:00 (+✓) 2 ure<br>= 14:00✓<br><br>**OF**<br>14:00✓✓✓ | KTB | (3) |
| | | | **OF** | | | |
| | | | | 22:00 – 8 ure vliegtyd<br>= 14:00✓✓✓ | | |
| | | (b) | Aankomstyd in Abu Dhabi<br>Transito-/oorstaantyd:<br>Vertrek vanaf Abu Dhabi Internasionale Lughawe: | 22:00<br>5 ure ✓<br><br>22:00 (+✓) 5 ure<br>= 03:00✓<br><br>**OF**<br>03:00 ✓✓✓ | KTB | (3) |
| | | (c) | Tydsverskil:<br><br><br>Tyd in Berlyn:<br><br>Vliegtyd | Abu Dhabi +4<br>Duitsland +1<br>= 3 ure✓<br><br>03:00 (-✓) 3 ure<br>= 00:00<br><br>00:00 (+✓) 7 ure<br>= 07:00✓<br><br>**OF**<br>07:00✓✓✓✓ | | (4) |

2.2.2 8 ure + 5 ure + 7 ure = 20 ure ✓✓ KTB

- 20 ure

***Let wel**: Moenie gedeeltelike punte toeken nie.* (2)

2.3 2.3.1 Sluit waardevolle artikels toe in die kluis wat in die kamer voorsien word. ✓✓ KTB

Maak seker dat jou kamer se deur / vensters altyd gesluit is. ✓✓

- Moenie die deur oopmaak vir vreemdelinge nie.
- Stel ontvangs by die hotel in kennis van enige iets buitengewoon bv. ontblote elektriese kabels in en om die hotel, verdagte gedrag en ongeïdentifiseerde/vreemde bagasie wat rondstaan.
- Moenie jou bagasie sonder toesig laat wanneer jy in- of uitteken nie.

***Let wel**: Aanvaar voobeelde van voorsorgmaatreels* (4)

2.3.2 Wetlike aanspreeklikheid vir die hotel. ✓✓ KTB
Finansiële aanspreeklikheid vir die hotel. ✓✓
- Negatiewe publisiteit vir die hotel.
- Verlies aan inkomste vir die hotel.
- Die hotel mag hul handelslisensie verloor. (4)

**[34]**

## VRAAG 3

3.1 3.1.1 (a) R600,00 (÷✓) 13,57✓= USD44,22✓✓ BVV

**OF**
USD44,22✓✓✓✓
- $44,22

**Let wel**: *Kandidate moenie gepenaliseer word indien die valutakode weggelaat word nie, omdat die kode in die vraag voorkom.* (4)

(b) USD219,99 (x ✓) 13,25✓ = ZAR2 914,87✓✓ BVV

**OF**
ZAR2 914,87✓✓✓✓
- R2 914,87

***Let wel***: *Kandidate moenie gepenaliseer word indien die valutakode weggelaat word nie, omdat die kode in die vraag voorkom.* (4)

3.2 3.2.1 Euro✓ / € BVV
Britse Pond✓ / £
- Groot Britse Pond
- Pond Sterling

***Let wel***: *Moenie "Pond" aanvaar nie.* (2)

3.2.2 Die Suid-Afrikaners sal meer waarde vir geld ontvang. ✓✓ BVV
Dit sal aan die Suid-Afrikaners groter koopkrag / spandeerkrag gee. ✓✓
Hulle sal kan bekostig om langer by die bestemming te bly / terugkeerbesoeke aan die bestemming en meer besienswaardighede te besoek en aan aktiwiteite deel te neem. ✓✓
- Europa kan 'n waarde vir geld bestemming word (6)

**[16]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

## AFDELING C: TOERISMEBESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENIS-TOERISME; BEMARKING

### VRAAG 4

4.1 4.1.1 H✓ / Vryheidstandbeeld **TB**
Verenigde State van Amerika / VSA✓ (2)

4.1.2 E✓ / Standbeeld van Christus die Verlosser / Corcovado **TB**
Brasilië✓ (2)

4.1.3 D✓ / Groot Piramides van Giza / Sfinks **TB**
Egipte ✓ (2)

4.1.4 B✓ / Taj Mahal **TB**
Indië ✓ (2)

4.1.5 A✓ / Sydney Operahuis **TB**
Australië✓ (2)

4.1.6 C✓ / Groot Muur van China **TB**
China ✓ (2)

4.1.7 F✓ / Kremlin / Rooi Plein **TB**
Rusland ✓ (2)

4.1.8 G✓ / Big Ben **TB**
Engeland ✓
- Brittanje / Groot Brittanje
- Verenigde Koninkryk / VK (2)

4.2 4.2.1 Die koeëlvaste glas sal beter beskerming aan toeriste verleen indien daar in die toekoms verdere terreuraanvalle sou plaasvind. ✓✓ **TB**
- Om die veiligheid by die besienswaardigheid op te gradeer en te verbeter.
- Om ontslae te raak van die metaalversperrings wat die uitsig by die toring belemmer en om beter fotogeleenthede te skep.
- Die toring is een van die ikoniese strukture in Frankryk wat baie toeriste lok en ekstra beskerming benodig.
- Vir estetiese (aantreklike) doeleindes (2)

4.2.2 Die Eiffeltoring, as een van die gewildste toeristebesienswaardighede in Parys, kan die teiken word van grootskaalse terreuraanvalle met geweldige lewensverlies. ✓✓ **TB**
- Die verwoesting van 'n ikoniese struktuur wat die ingenieurs-vaardighede van sy tyd uitbeeld.
- Minder besoekers na die besienswaardigheid omdat toeriste nie veilig sal voel nie.
- Die afwesigheid van sigbare polisiëring mag tot ‘n toename in kriminele aktiwiteite lei. (2)

4.2.3 Die voortgesette internasionale bemarking van die ikoon.✓✓ **TB**

- Algemene onderhoud van die toring en die area rondom die toring.
- Sien toe dat die toring toeganklik vir mense met spesiale behoeftes is (universele toeganklikheid).
- Laat geleenthede vir entrepreneursgeleenthede rondom die toring toe.
- Die professionele beeld van die personeel.
- Die bekwaamheid en etiese gedrag van die personeel.
- Hou die toring volhoubaar deur goeie omgewingsbestuursplanne.
- As besoekers die toring met 'n gevoel van genot en tevredenheid verlaat.

***Let wel**: Aanvaar voorbeelde van faktore wat bydra tot suksesvolle toeriste besienswaardighede.* (2)

**[22]**

## VRAAG 5

5.1 Kaapse Blommestreek✓✓ / Kaapse Blommeryk **KE** (2)
Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap ✓✓ **KE** (2)

***Let wel**: Aanvaar enige volgorde. Moenie punte toeken vir "Richtersveld of Blommestreek" alleenlik nie.*

5.2 Weskaap✓ en Noordkaap✓ **KE** (2)

***Let wel**: Aanvaar enige volgorde.*

5.3 Albei WET bevat uitstaande voorbeelde van natuurskoon en unieke plantspesies wat vir die nageslag bewaar moet word. ✓✓ **KE**

- Albei terreine is biodiversiteit 'hotspots'.
- Albei terreine bevat plantspesies wat uniek is aan die streek en aan Suid-Afrika.
- Albei terreine voldoen aan die UNESCO kriteria vir die toekenning van Wêrelderfenisstatus. (2)

5.4 Stel die land ten toon as 'n land ryk aan natuurskoon en 'n tuiste vir unieke biodiversiteit. ✓✓ **KE**
Bemark Suid-Afrika as 'n uiters aantreklike, voorkeur toeristebestemming vir diegene wat op soek is na 'n unieke ervaring of wat in biodiversiteit 'hotspots' belangstel. ✓✓

- Lok internasionale media belangstelling – publisiteit vir SA.
- Beklemtoon Suid-Afrika se biodiversiteit
- Hoër besoekergetalle by hierdie terreine sal Suid-Afrika se BBP verhoog
- Hoër besoekergetalle sal die vermenigvuldigereffek in werking stel.
- Moedig buitelandse belegging aan (4)

**[12]**

## VRAAG 6

6.1 6.1.1 Suid-Afrikaanse Toerisme✓✓ B
- SAToerisme

***Let wel**: Moenie "SAT" aanvaar nie.* (2)

6.1.2 Suid-Afrika se toerismeprodukte en -dienste word voortdurend hersien om SA nog aanlokliker as 'n toeristebestemming te maak. ✓✓ B
- Die toeriste se persepsie van SA word verander deur verskeie geleenthede en nuwe aanbiedings om sodoende terugkeer besoeke te verseker.
- Suid-Afrika se bemarkingspogings is innoverend en kreatief om besoekers na die land te lok.
- Dit ontwikkel 'n gevoel van trots onder Suid-Afrikaners. (2)

6.1.3 Dis deel van hul bemarkingsstrategie om bewustheid van die handelsmerk te skep✓✓ B
- Om te verseker dat die handelmerkslogo herkenbaar is vir besoekers van oor die hele wêreld.
- Om Suid-Afrika meer sigbaar te maak as 'n aanloklike toeriste bestemming.
- Om besoekers na die Suid-Afrikaanse uitstalling te lok. (2)

6.1.4 SAToerisme onderneem reise na verskillende lande (Road Shows) om SA internasionaal te bevorder en te bemark.✓✓ B
Adverteer op busse en taxi's in groot stede regoor die wêreld.✓✓
- Advertensies op reuse advertensieborde ('Billboards').
- Adverteer 'aanlaspakkette' vir besigheidstoeriste / bekostigbare pakkette.
- Adverteer op gedrukte media.
- Aanlyn advertensies
- Adverteer op sosiale-media
- Skep netwerkgeleenhede vir belanghebbendes in die toerismebedryf.
- Vestig publisiteitskantore in die buiteland. (4)

6.2 **<u>Die Toerismeheffing insamelingsproses</u>** B
Toerismebesighede (bv. akkommodasie, motorhuur, toeroperateurs en reisagentskappe) vorder die 1% heffing in vanaf toeriste.✓✓
- Die besighede betaal die heffings aan die Toerisme Besigheidsraad van Suid-Afrika ('TBCSA') wat dit dan aan TOMSA oorbetaal. (2)

**<u>Die rol van TOMSA in die insamelingsproses</u>**
TOMSA is die administrateur van die fondse. ✓✓
- TOMSA maak die fondse beskikbaar aan SAToerisme. (2)

**<u>'n Verduideliking waarvoor die heffing gebruik word</u>**
SAToerisme gebruik die fondse om Suid-Afrika te bemark✓✓, beide plaaslik en internasionaal (2)
**[16]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

## AFDELING D: TOERISMESEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

### VRAAG 7

7.1 7.1.1 B✓ / Suid-Afrikaanse Nasionale Parke VVT (1)
7.1.2 D✓ / Bewaring (1)
7.1.3 C✓ / Meer oor ons (1)
7.1.4 A✓ / Bespreek jou reis (1)

7.2 7.2.1 Hy dra die uniform✓ van Suid-Afrikaanse Nasionale Parke VVT
Lapelwapens (epoulette)✓ van die SA Nasionale Parke identifiseer die organisasie en vertoon die professionalisme van die organisasie.
- Hy is netjies aangetrek (2)

7.2.2 Die roetine patrollies wys dat die natuurlewe binne die park gemonitor word, en dit deel vorm van die omgewingsbeleid .✓✓ VVT
- Die roetine patrollies wat stropers en kriminele optrede monitor is ook deel van die omgewingsbeleid. (2)

**[8]**

### VRAAG 8

8.1 8.1.1 Erge droogtes✓ VVT
Verlies aan vars water✓
- stygende seevlakke wat kusoorde bedreig
- minder sneeu in die Alpe se ski-areas
- storms
- hitte golwe
- uitsterste weerstoestande (2)

8.1.2 Minder sneeu in die Alpe sal die aantal toeriste wat die area vir ski-aktiwiteite besoek, laat afneem.✓✓ VVT
- Smeltende sneeu kan onstabiele skihellings tot gevolg hê en die risiko van sneeustortings verhoog.
- ‘n Verhoogde risiko vir ski-ongelukke (2)

8.1.3 **Voordele vir die omgewing** VVT
Die toerismebedryf bied belangrike inkomstegeleenthede, verminder armoede en moedig ontwikkeling aan.✓✓
- Die toerismebedryf is voordelig omdat dit werk skep en mense wêreldwyd aan die lewe hou.
- Toerisme besighede herevalueer hul praktyke en vind maniere om hul koolstofspoor te verklein. (2)

**Skade aan die omgewing**
Daarenteen is dit een van die grootste bydraers tot $CO^2$ vrystellings wat dieselfde besienswaardighede en bestemmings wat trekpleisters is, vernietig. ✓✓
- Akkommodasie en vervoer sektore is die hoofbydraers tot $CO^2$ vrystellings. (2)

8.2 8.2.1 **<u>VERVOER</u>** VVT

**Omgewingspillaar:**
Bestemmings kan alternatiewe vervoermetodes gebruik wat nie afhanklik is van brandstof nie, soos bv. fietse.✓✓

- Gebruik massavervoer soos treine en busse in plaas van motors.
- Ondersteun maatskappye wat koolstofbesparende vliegtuie en motors gebruik. (2)

OF
**Maatskaplike pillaar:**
Vaardigheidsontwikkeling

OF
**Ekonomiese pillaar:**
Ekonomiese en entrepreneurskap geleenthede

**<u>OPVOEDING</u>**
**Omgewingspillaar:**
Skep bewustheid onder toeriste en toerisme besighede oor hoe hulle hulle koolstof voetspoor kan verklein. ✓✓

- Maak meer mense bewus van klimaatsverandering en die invloed daarvan.
- Die toerisme bedryf dra by tot opvoeding. (2)

OF
**Maatskaplike pillaar:**
Maak toeriste meer omgewingsbewus en moedig goeie omgewingspraktyke aan

OF
**Ekonomiese pillaar:**
Moedig toekomstige beroepe in omgewingsbestuur aan.

**<u>WERKSKEPPING</u>**
**Omgewingspillaar:**
Skep meer omgewingsverantwoordelike loopbane en werksgeleenthede in die toerismebedryf. ✓✓

OF
**Maatskaplike pillaar:**
Werksgeleenthede verbeter die lewenskwaliteit van die plaaslike gemeenskap.

OF
**Ekonomiese pillaar:**
Die toerisme bedryf moet aanhou om selfonderhoudend te wees en die ekonomie te ondersteun deur werks- en entrepreneurskap geleenthede te skep. (2)

8.2.2 Spaar energie waar moontlik ✓✓
Beperk en verminder die gebruik van water✓✓
- Maak gebruik van herwinninghouers
- Hergebruik
- Handdoek beleid
- Gaste moet hulself onderwerp aan die hotel se omgewingspraktyke.

***Let wel**: Aanvaar voorbeelde van omgewingsvriendelike praktyke.* (4)

8.3 Bied leerderskappe aan hierdie leerders.✓✓ VVT
Bied gratis toere na die B&B en nabygeleë besienswaardighede aan.✓✓
- Bied werkplekervaring aan.
- Bied tydelike of deeltydse werksgeleenthede aan.
- Tree in 'n vennootskap met die skool vir maksimum voordele soos mentorskap, gassprekers, vaardigheidsontwikkeling en verskaffing van hulpbronne.
- Bied finansiële ondersteuning aan. (4)

**[22]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**

## AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

### VRAAG 9

9.1 9.1.1 Deelnemers, toeskouers en mediapersoneel kom van oor die hele wêreld.✓✓ **PSI**
- Dit het 'n 140 jaar geskiedenis wat mense oor die hele wêreld se verbeelding aangryp.
- Globale media toestroming vind plaas om dekking te verskaf aan 'n globale gehoor.
- Spelers uit verskeie lande neem deel. (2)

9.1.2 Buitelandse valuta word verdien van toeskouers wat die geleentheid bywoon.✓✓ **PSI**
Toename in BBP bydraes. ✓✓
- Inkomste verdien voor, gedurend en na die gebeurtenis.
- Verspreiding van die vermenigvuldigereffek wat voordelig is vir die plaaslike ekonomie of werkers wat lone by die geleentheid verdien.
- Entrepreneursgeleenthede vir plaaslike mense.
- Werkskepping
- Opgradering van die infrastruktuur
- Internasionale publisiteit en blootstelling (4)

9.2 9.2.1 Aardbewing ✓✓ **PSI**
- Natuurramp (2)

9.2.2 Besoekers sal dit moeilik vind om terug te kom tot by hulle akkommodasie en besittings as gevolg van skade aan openbare vervoer.✓✓ **PSI**
Toeriste sal nie kan voortgaan met hulle reisprogramme nie, as gevolg van 'n tekort aan vervoer. ✓✓
- Indien die lughawe gesluit is, sal dit onmoontlik vir toeriste wees om 'n land binne te gaan of te verlaat.
- Toeriste sal onveilig voel om enige vorm van vervoer te gebruik en sal dalk hul reisprogram moet herskeduleer of kanselleer.
- Publisiteit sal ‘n impak hê op die toeris se besluit om die bestemming te besoek. (4)

9.2.3 Buitelandse banknote✓✓ **PSI**
- Kontant
- Euros

***Let wel**: Aanvaar enige relevante betaalmetodes wat nie elektrisiteit benodig nie.* (2)

9.3 9.3.1 R283 miljoen✓✓ PSI
- R283 000 000
- 283 / 283 m (2)

9.3.2 Oos-Kaap ✓✓ PSI
KwaZulu-Natal ✓✓

***Let wel**: Aanvaar enige volgorde.* (4)

9.3.3 Hulle het 'n langer gemiddelde lengte van verblyf.✓✓ PSI
- Toeriste het 'n gemiddeld van 9.9 nagte in die Oos-Kaap vertoef en 8.5 nagte in KwaZulu-Natal; langer as die 8.0 nagte in die Vrystaat. (2)

9.4 Om te kapitaliseer op die potensiaal van hierdie mark want dit het groei getoon. ✓✓ PSI
- Om hierdie mark van 'n ontluikende mark tot 'n bestaande mark om te skakel.
- Om die aantal toeriste vanaf China te verhoog. (2)

**[24]**

**VRAAG 10**

10.1 Opvolg oproep✓✓ KK
- Opname
- Terugvoer oproep
- Persoonlike oproep
- Selfoon / telefoon oproepe / telekommunikasie (2)

10.2 Terugvoer wat verkry is vanaf kliënte word aangewend om dienslewering te evalueer.✓✓ KK
Om te verseker dat tevredenheidvlakke van kliënte vasgestel word. ✓✓
- Die boodskap dat die toerismebesigheid omgee vir sy kliënte, word gedemonstreer.
- Die inligting wat verkry word, kan gebruik word om diensleweringsvlakke van die besigheid te verbeter.
- Afgesien van die bereiking van verkoopteikens, kan die prestasie van personeel beoordeel word.
- Vinnige terugvoer en probleme kan dadelik aangespreek word. (4)

**[6]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou